

Verw. no.: J27035

Cape Town

14 Kloof Street
Cape Town 8001
PO Box 3965
Cape Town 8000

Tel : +27 21 469 9100
Fax : +27 21 424 5571
Web: www.gibb.co.za

21 April 2011
Bladsy: 1 van 4

Geagte Meneer / Dame

ESKOM – OMGEWINGSIMPAKSTUDIE (DOS-verw. No.: 12/12/20/944)
VIR 'N BEOOGDE KERNKRAGSTASIE EN VERWANTE INFRASTRUKTUUR

HERSIENE KONSEP-OMGEWINGSIMPAKSTUDIEVERSLAG VIR
HERSIENING EN KOMMENTAAR DEUR DIE PUBLIEK

'n Konsep-omgewingsimpakstudieverslag (OIV) is vanaf 06 Maart tot 30 Junie 2010 vir besigtiging deur die publiek versprei. By ontvangs van kommentaar vanaf belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GP's) is 'n aantal spesialisverslae en die konsep-OIV hersien, soos deur die publiek versoek is, en die hersiene konsep-OIV is saamgestel.

Aangesien u 'n geregistreerde belanghebbende is, wil die omgewingsevalueringpraktisyn (OEP) (GIBB) u in kennis stel dat die hersiene konsep-OIS-verslag vanaf **9 Mei 2011 tot 23 Junie 2011 (met ander woorde vir 45 dae)** vir besigtiging en kommentaar beskikbaar is.

Ons sluit hierby in (a) 'n opsomming van die hersiene konsep-OIV en (b) 'n kommentaarblad. Die volledige weergawe van die hersiene konsep-OIV (gedruk en CD) sal beskikbaar wees by sekere openbare plekke soos op bladsy 3 van hierdie brief uiteengesit word (volgens provinsie gegroepeer). Alle B&GP's word genooi en aangemoedig om openbare vergaderings by te woon waar bevindings oor die hersiene konsep-OIV aangebied en bespreek sal word. Die openbare vergaderings sal soos volg gehou word:

LOKAAL	DATUM	TYD
Suid-Kaap: Pretorius Saal, Hoof Weg, Gansbaai	Maandag 23 Mei 2011	18:00 – 20:00
Wes-Kaap: Atlantic Beach-gholfklub, Melkbosstrand	Woensdag 25 Mei 2011	18:00 – 20:00
Oos-Kaap: Oesterbaai-saal, Oesterbaai	Maandag 30 Mei 2011	18:00 – 20:00
Oos-Kaap: St. Francis Links-gholfklub, St. Francisbaai	Dinsdag 31 Mei 2011	18:00 – 20:00
Oos-Kaap: Sea Vista-gemeenskapsaal, Sea Vista	Woensdag 01 Junie 2011	16:30 – 18:00 opedag vir publiek en 18:00 – 20:00 openbare vergadering
Oos-Kaap: Humansdorp-	Donderdag 02 Junie 2011	18:00 – 20:00

Die OIS-span sal vanaf 17:00 by die lokale hierbo beskikbaar wees om individuele vrae van die publiek oor die hersiene konsep-OIV te beantwoord.

Let asseblief op:

1. Kommentaar kan skriftelik op een van die volgende maniere ingedien word (**let asseblief op die veranderde besonderhede**):
 - Per pos: Kantoor vir Openbare Deelname, Nuclear-1-OIS, Posbus 3965, Kaapstad, 8000
 - Per Foon: 021 469 9180 (Kantoor ure: Maandag tot Vrydag 09:00 to 13:00, publieke vakansiedae uitgesluit).
 - Per faks: 021 424 5571
 - Per e-pos: nuclear1@gibb.co.za/ nuclear-1@gibb.co.za
2. Die tydperk vir kommentaar begin op **9 Mei 2011** en eindig met besigheidsluiting op **23 Junie 2011**.
3. Die gedrukte kopieë van die verslae wat ter insae by die openbare lokale beskikbaar is, mag nie verwyder word nie. Die CD-weergawe mag egter vir hoogstens twee dae lank geleen word.
4. Die hersiene konsep-OIV is op die volgende webwerwe beskikbaar:
 - Eskom se webwerf: www.eskom.co.za/eia onder die "Nuclear 1-Generation"-skakel
 - Arcus GIBB-webwerf: <http://projects.gibb.co.za/> onder die "Nuclear 1-EIA"-skakel
5. 'n Kommentaarblad word vir u gerief verskaf. Vul dit asseblief in en faks of pos dit aan die Kantoor vir Openbare Deelname. U kan ook ander skriftelike formate gebruik indien u wil en dit per pos, faks of e-pos indien.
6. Die hersiene konsep-OIV behels 'n hoofverslag (**volumes 1 en 2**) en aanhangsels (**volumes 3 – 24**, wat terreinfotos, owerheidskorrespondensie, openbaredeelname-dokumentasie, tegniese kriteria, spesialiste se Curricula Vitae en verslae, konsep-omgewingsbestuursplan, kontrolelyns vir OIS-wetgewingsvereistes en 'n Portuuroorsigverslag insluit).

Kommentaar op die hersiene konsep-OIV wat ontvang word, sal gebruik word om die finale OIV op te stel, wat dan vir oorweging aan die DOS voorgelê sal word. 'n Brief sal aan alle geregistreerde B&GP's gestuur word om hulle oor die owerhede se besluit in te lig.

Ten slotte wil ek weer eens namens die OIS-span almal bedank wat tot op hede aan die OIS-proses deelgeneem het, en ook diegene wat nog tyd sal neem om die hersiene konsep-OIV te besigtig, kommentaar voor te lê en vergaderings by te woon.

Die uwe
namens Arcus GIBB (Edms.) Bpk.



Nuclear-1 OIS-bestuurder

OPENBARE LOKALE VIR BESIGTING VAN HERSIENE KONSEP-OMGEWINGSIMPAKVERSLAG

No.	Gebied	Lokaal	Straatadres
OOS-KAAP			
1	Humansdorp	Humansdorp Openbare Biblioteek	Vureastraat 9
2	Jeffreysbaai	Jeffreysbaai Openbare Biblioteek	Da Gamaweg 33
3	Kareedouw	Kareedouw Openbare Biblioteek	Keetstraat 5
4	Kruisfontein	Kruisfontein Openbare Biblioteek	Cucidostraat, Kruisfontein
5	Oesterbaai	Oesterbaai Eiendomme	Tornynstraat 6, Oesterbaai
6	Plettenbergbaai	Plettenbergbaai Openbare Biblioteek	Gebou 29, Sparsentrum, Marinerylaan
7	Sea Vista	Sea Vista-gemeenskapsaalkantoor	Steenbrasstraat, Sea Vista
8	Sea Vista	Drop Inn Mini Market	Makrielstraat, Sea Vista
9	Sea Vista	Sea Vista-kliniek	Steenbrasstraat, Sea Vista
10	St. Francisbaai	St. Francisbaai Openbare Biblioteek	Assissirylaan 1, St. Francisbaai
WES-KAAP			
11	Atlantis	Atlantis Openbare Biblioteek	Burgersentrum, Grosvenorlaan
12	Bredasdorp	Bredasdorp Openbare Biblioteek	Kerkstraat, Bredasdorp
13	Baardskeerderbos	Baardskeerderbos Winkel	22 km vanaf Gansbaai op Elim-pad
14	Caledon	Caledon Openbare Biblioteek	Kerkstraat (langs die hof)
15	Kaapstad	GIBB se Kaapstad-kantoor	Kloofstraat 14, Kaapstad
16	Kaapstad	Table View Openbare Biblioteek	Birkenheadweg, Table View
17	Elim	Elim Biblioteekdepot	Waterkantstraat 3, Elim
18	Gansbaai	Gansbaai Openbare Biblioteek	Hoofstraat, Munisipale Gebou
19	Hermanus	Hermanus Openbare Biblioteek	Burgersentrum, Magnoliastraat
20	Koeberg	Koeberg Openbare Biblioteek	Merchant Walk, Duynfontein
21	Milnerton	Milnerton Openbare Biblioteek	Pienaarweg
22	Welverdiend	Welverdiend Openbare Biblioteek	Ou Meulestraat, Bredasdorp
23	Wolvengat	Jenny's Handelaar	Hoofstraat, Wolvengat
GAUTENG			
24	Johannesburg	GIBB Sunninghill-kantoor	Eglinweg 14, Sunninghill, Johannesburg

HERINNERING

Plak asseblief op u kennisgewingbord of yskas

.....

ESKOM – OMGEWINGSIMPAKSTUDIE (DOS-verw. No.: 12/12/20/944)

VIR 'N BEOOGDE KERNKRASTASIE EN VERWANTE INFRASTRUKTUUR

<p align="center"><u>Kontakbesonderhede vir Kantoor vir Openbare Deelname (let asseblief op die veranderde besonderhede)</u></p> <p align="center">GIBB Nuclear-1 OIB Publieke Deelname Kantoor Posbus 3965, Kaapstad, 8000 Tel: 021 424 9180 (Kantoor ure: Maandag tot Vrydag 09:00 to 13:00, publieke vakansiedae uitgesluit) Faks: 021 424 5571 E-pos nuclear1@gibb.co.za / nuclear-1@gibb.co.za</p> <p align="center">Projekdokumentasie kan afgelaai word by: www.eskom.co.za/eia onder die "Nuclear 1"-skakel of http://projects.gibb.co.za/ onder die "Nuclear 1-EIA"-skakel</p>		
<p align="center"><u>Hersiene konsep-OIV: Tydperk vir besigtiging en kommentaar deur die publiek</u></p> <p align="center">09 Mei 2011 – 23 Junie 2011</p> <p align="center"><u>Publieke Ope Dae en Openbare vergaderings</u></p>		
LOKAAL	DATUM	TYD
Suid-Kaap: Pretorius Saal, Hoof Weg, Gansbaai	Maandag 23 Mei 2011	18:00 – 20:00
Wes-Kaap: Atlantic Beach-gholfklub, Melkbosstrand	Woensdag 25 Mei 2011	18:00 – 20:00
Oos-Kaap: Oesterbaai-saal, Oesterbaai	Maandag 30 Mei 2011	18:00 – 20:00
Oos-Kaap: St. Francis Links-gholfklub, St. Francisbaai	Dinsdag 31 Mei 2011	18:00 – 20:00
Oos-Kaap: Sea Vista-gemeenskapsaal, Sea Vista	Woensdag 01 Junie 2011	16:30 – 18:00 opedag vir publiek en 18:00 – 20:00 openbare vergadering
Oos-Kaap: Humansdorp-buitemklub, Humansdorp	Donderdag 02 Junie 2011	18:00 – 20:00